

3 Januarie - AANHANG

Skrifgedeelte: Deuteronomium 30:11-20 (OAV)

Fokusgedeelte: Deuteronomium 30:20

Ons verstaan wat dit beteken as die Skrif leer dat jy God moet liefhê (vs 20a); ons verstaan wat dit beteken dat ons God moet gehoorsaam (vs 20b), maar wat beteken dit dat ons God moet *aanhang*? Dit is die derde opdrag in hierdie gedeelte van Deuteronomium. Ons mag dit nie verbygaan en mislees nie. Om die seën te verkry waarvan hier geskryf staan, moet jy God liefhê, Hom gehoorsaam, en Hom aanhang. Ons lees hierdie drie dinge *is jou lewe*.

Hierdie gedeelte is 'n voortsetting van die seën en die vloek oor Israel. Sommige het die vloek van die Here beleef. Tog het sommiges sy seën ondervind. Nou gaan die Here voort in sy opdrag dat Hy van hulle verbondstrou vra. Hy eis dit. Hy eis liefde, Hy eis gehoorsaamheid, Hy eis dat hulle Hom moet aanhang. Die wet van God moet in hulle hart en in hulle mond wees (vs 14) – verbondsgehoorsaamheid is 'n lewensstyl.

Wat verwag God van hulle? Hy verwag dat om te lewe, hulle *voor Hom* moet lewe.

Daar is ook 'n ander kant van aanhang. 'n Mens kan die sondes aanhang. Jy kan daaraan vaskleef, of die sonde kan aan jou vaskleef. So, sê God, moet dit nie wees nie. Ons moet ons losmaak van al hierdie dinge wat ons vashou en ons moet Hom aankleef. Christus het ons juis vrygemaak van die sonde, sodat ons God kan aanhang *met 'n opregte geloof, vaste hoop en vurige liefde* (sien Doopsformulier).

Hy is die lewe, want Hy het die dood oorwin. Daarom kan ons Hom liefhê, gehoorsaam en aanhang. Nie omdat ons so gehoorsaam is nie, maar omdat ons deur die Heilige Gees gelei word om God aan te hang.

Hang jy die Here aan? Lewe jy voor Hom wat die lewe is? Hoe sal jy Hom aanhang?

- Deur Hom lief te hê bo alles en jou naaste soos jouself.
- Deur God te dien en sy gebooie te gehoorsaam.

En dan? Dan sal jy die belofde lewe hê! In Christus – 'n lang lewe, die ewige lewe!

Sing: Psalm 105:1, 20 (1936-beryming)

Ds JG Noëth (Kimberley)